Geloofbelofte-offer (GBO) Verbintenis 2015 — 2016

(Vorm vir eie gebruik)

Ek onderneem om die volgende sendeling/sendelinge, en of die algemene fonds te ondersteun (maandelikse bedrag):		
Stephan en Keiko Smithdorff—OM Japan	OM JAPAN	R
Christo en Deleste Wooding—VGK Kokstad en Transkei Sending		R
Pierre en Sugnet van Wyk—GAP (Nelson Mandela Metropool)	GAP MINISTRIES	R
Algemene Fonds	AF	R
My maandelikse manier van bydra:		
Per debietorder/bankdeposito/elektroniese betaling direk aan sendeling		☐
Per debietorder/bankdeposito/elektroniese betaling in GBO rekening		☐
My GBO na die erediens te bring		☐
My Besonderhede :		
Naam en Van:		
Woonadres:		
Posadres:		
Tel Nommer Huis:		
Selnommer:		
E-pos Adres:		
Baie Dankie vir Jou Ondersteuning!!!		

Geloofbelofte-offer (GBO) Verbintenis Okt 2015 —Sep 2016

NG Kerk Uitenhage Noord

Geskiedenis van die GBO in die Gemeente

Die gemeente was van sy ontstaan af (veral deur van tyd-tot-tyd fondse vir sendingprojekte in te samel) by sending betrokke. Betrokkenheid by sending is ‘n sterk “tradisie” wat nog altyd deel was van die hart en wese van die NG Kerk. Gedurende 1996 het daar ‘n nuwe fokus in die gemeente se betrokkenheid by sending gekom deurdat daar, d.m.v. die Kommissie van Getuienis en Ekumene, begin is om fondse te begroot vir die ondersteuning van sendelinge en projekte wat in die gemeente “ontstaan’’ het. Een van die eerste sendelinge wat op hierdie manier ondersteuning ontvang het, was Stephan Smithdorff wat ‘n “gemeente-seun” is. Hier volg ’n paar mylpale in die geskiedenis van die gemeente se sending-betrokkenheid: Die **Eksodusfees** (1997) was ’n sending-naweek wat op inisiatief van Uitenhage-Noord gemeente en in samewerking met die ander NG-gemeentes op die dorp in die Binneshuise Sportsentrum, gehou is. Dit het ‘n groot bewusmakende rol gespeel in die noodsaaklikeid van die Kerk se rol in sending wêreldwyd. Die tweede mylpaal was die **Global Consultation on World Evangelization** (GCOWE) wat gedurende 1997 in Pretoria gehou is. ’n Paar lidmate van die gemeente asook Tobie, Chris en Pierre het die konsultasie bygewoon. Die konsultasie het Kerke gehelp om hulle sendingvisie te verfyn en prakties te implementeer. Baie van wat daar geleer is, is in die gemeente se sendingbeleid ingewerk. Hieruit het die formulering van die uitstuurbeleid vir sendelinge gevolg wat vandag nog tot ‘n groot mate van krag is. Stephan Smithdorff en Pierre van Wyk en hulle gesinne is die eerste voltydse sendelinge van die gemeente wat volgens dié beleid uit die gemeente gestuur is. **Love Southern Africa”** (LSA, 1999) is sekerlik nog die grootste sending-geleentheid wat in Uitenhage plaasgevind het. Dit was ook in die Binneshuise Sportsentrum aangebied en na meer as ‘n jaar se voorbereiding, het ‘n paar duisend mense vanoor die hele Metro en die Oos-Kaap opgedaag. Uitenhage-Noord het ook in die aanbieding van die fees ‘n anker-rol gespeel. Die konferensie sal seker nog vir ‘n lang tyd ‘n groot mylpaal wees in die gemeente se betrokkenheid by sending-inisiatiewe. Nog ’n mylpaal was die vestiging van die **Eksodus Sentrum** wat in die aanloop tot LSA sy ontstaan gehad het. Dit het as ’n sentrale kantoor gedien van waar sending-aktiwiteite gekoördineer is. Pierre en Rev Lawrie Wilmot (van die Anglikaanse Kerk) het as koördineerders van die sentrum opgetree. Alhoewel die sentrum nie meer bestaan nie gaan nog baie van die inisiatiewe steeds voort. Daar kan net getuig word van hoe die Here in elkeen van die sendeling-gesinne, sendingprojekte en ander inisiatiewe die afgelope 17 jaar op wonderbaarlike wyse voorsien het.

Waar kom die konsep vandaan?

Oswald J. Smith (1889-1983) word algemeen gereken as die persoon wat die GBO konsep aan kerke bekend gestel het toe hy daarmee begin het. Sy Bybelse motivering was nie sonder kritiek nie, maar hy was instrumenteel in die implementering daarvan wêreldwyd. Hier volg ‘n aanhaling oor wat hy destyds daaroor gesê het.

“I shall never forget how God taught me to give. (The Lord said) “I know you have nothing in your pocket and nothing in the bank." "Well, then," I said, relieved, "that settles it. I have nothing to give and I can't give anything." It was then the Lord spoke to my heart. I shall never forget it. "I am not asking you for what you have," He said. "You are not asking me for what I have, Lord?" I replied. "Then what are You asking?" "I am asking you for a faith offering. How much can you trust Me for?" "Oh, Lord," I exclaimed, "that's different. How much can I trust You for?" Of course, I knew nothing about a faith offering. But I knew the Lord was speaking. I had trusted God for a certain amount and He had met it.

From that day to this I have been increasing the amount and sending it to the Bank of Heaven year by year. If I had waited until I had it, I never would have given it because I never would have received it. I gave a faith offering and God honoured it. That was the first time, I say, that I had ever given what I call a faith offering. The Apostle Paul often took up "faith promise offerings." He asked a church to promise a certain amount, and gave them a year to pay it. As the year drew to a close, he sent someone to remind the church of their faith promise before he arrived (see 2 Corinthians 9). A faith promise offering is a scriptural offering, it is a Pauline offering, and God blesses it. Have you only given cash offerings? It requires little faith to give cash offering. If I have a dollar in my pocket, all I have to do is take it out and put in on the plate. I don't have to ask God for it. I don't have to trust Him for any definite amount. I just have it and give it. But it is entirely different with a faith promise offering. I have to pray and ask God how much He would have me give, then trust Him for it.

Month by month I must go to Him in prayer and ask Him for the amount promised. I must wait upon Him until it comes in. What a blessing such dependence brings! “ - Oswald J. Smith

Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi van Wyk - (GAP) Nelson Mandela Metropool

Ons het in 1996 die "opdrag" ontvang om voltydse Sendelinge te word en om Uitenhage toe te kom. Sedert 2004 is ons ook wyer betrokke met sendingwerk in die Metropool en van tyd tot tyd in ander dele van die wêreld. Ons visie is om die koninkryk van God te vestig deur gebed, evangelisasie, transformasie en maatskaplike aksie. Ons glo dat gemeenskapstransformasie bereikbaar is deur samewerking tussen kerke en organisasies in alle gemeenskappe en werk na hierdie doel toe. Ons het om die rede die afgelope jare goeie verhoudings bewerkstellig met verskeie organisasies met wie ons nou saamwerk. Die geestelike en fisiese nood van ons gemeenskappe raak by die dag al hoe groter, maar dit bied ook ongelooflike geleenthede en oop deure om die werk van die Here te kan doen. Ons is in 1996 deur die Here gedring, eerder as om iewers in die wêreld sendingwerk te gaan doen, om in Uitenhage te kom werk.

Ons fokus in elk van die volgende areas is die volgende:
Gebed: Toerusting van gelowiges om met groter insig te kan voorbidding doen vir die geestelike en fisiese nood in ons gemeenskappe, ons land en in die wêreld in samewerking met ander gelowiges van ander gemeenskappe en denominasies. (Vennote: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk, Verskeie ander gebedsnetwerke in die streek.)
Evangelisasie: Die verspreiding van die evangelie deur gebedsevangelisasie (prayer evangelism), die verspreiding van evangelisasiemateriaal, hulp aan kerkleiers met die hou van "crusades", dissipelskap opleiding en kerkplanting. (Vennote: Judea Harvest en CEF)
Maatskaplike Aksie: Die vestiging van tuinbou-projekte, toerusting van gemeenskapswerkers en hulp en leiding aan projekte. (Vennote: Foundations for Farming, Judea Harvest)
Transformasie: Koördinering en implementering van plaaslike transformasie-inisiatiewe soos die Nehemia Visie (Vennote: Nelson Mandela Bay Transformation Christian Network (TCN))

Kontakbesonderhede
Pierre 0833703592; Sugnet 0834014517; Huis 041-9228308
Adres: Brocketstraat 9, De Mist
Bankbesonderhede: Go and Proclaim Trust, ABSA Uitenhage Rek 4056657942, Tak 504016
E-pos: outreach@global.co.za; Webwerf: www.goandproclaim.co.za

Wat is die GBO?
Die GBO stelsel is 17 jaar terug vir die eerste keer in die gemeente ingestel nadat 'n behoefte ontstaan het om sendelinge en sending-inisiatiewe op 'n individuele basis te ondersteun. GBO-fondse word aangewend vir werk **BUITE** die gemeentegrense en op die manier word daar uitvoering gegee aan die sendingopdrag. Op hierdie manier word u 'n vennoot van sendelinge en in sendingprojekte. Die GBO is 'n beproefde metode wat baie suksesvol dwarsoor die wêreld in kerke en gemeentes gebruik word om fondse vir sendelinge en sending-inisiatiewe in te samel.

Wat is die beginsels van die GBO?
Die GBO onderskei homself van ander finansiële bydraes op die volgende maniere: dit word in biddende afhanklikheid van die Here en in vertroue op Hom vooruit belowe; dit is 'n ekstra offer bo- en behalwe die gewone maandelikse dankoffer; dit is 'n persoonlike verbintenis aan die Here alleen; dit word gedoen in geloofsvertroue en in gehoorsaamheid aan Hom met die vertroue en verwagting dat Hy elke maand dit wat beloof is, sal voorsien. Dit verg 'n voortdurende bewustheid van ons afhanklikheid van die Here en die verskillende maniere hoe hy ons kan en wil seën. <u>Wat die GBO nie is nie:</u> dit is nie 'n truuk of foefie nie; daar is geen emosionele druk nie; dit is nie 'n verbintenis aan mense nie, maar aan God; dit is ook nie 'n kontant kollekte nie.

Waarvoor word bygedra?
Ons gemeente het drie voltydse sendelinge wat vanuit die gemeente ondersteun word te wete Christo en Deleste Wooding (Transkei Sending), Stephan en Keiko Smithdorff en hulle kinders (OM Japan) en Pierre en Sugnét van Wyk en hulle kinders (GAP-Go and Proclaim). Daar word vir spesifieke sendelinge bygedra en of vir die algemene fonds. Uit die algemene fonds word die tekorte op sendelinge se begrotings aangevul en ander sending-projekte ondersteun wat die visie van die gemeente, naamlik om dissipels te maak, ondersteun. Die Omgee- en Uitreik-bediening, onder toesig van die Gemeenteraad, besluit waarvoor die fondse in die algemene fonds aangewend word. André en Sanet Brink van CEF word ook elke maand met 'n bedrag van R500 uit die algemene fonds ondersteun.

Hoe werk dit?
Elke jaar met die aanvang van die laaste kwartaal gedurende Oktober word die gemeente ingelig oor die werksaamhede en behoeftes van sendelinge en sending-projekte. Lidmate kry dan die geleentheid om te bid en te besin oor hulle betrokkenheid, en wat die aard daarvan moet wees. Gedurende die laaste Sondag van Oktober kry lidmate dan die geleentheid om die GBO vorm te voltooi.

Christo en Deleste Wooding—VGK Kokstad / Transkei Sending

My Pa was sy lewe lank sendeling in Transkei en ek het grootgeword op `n sendingstasie. Van jongs af het ek geweet dat die Here my ook roep om vir Hom te werk in Transkei. Nadat ek my studies op Stellenbosch voltooi het, is ek in 1983 na Isilimela sendingstasie, aan die Wildekus, beroep en het daar vir 10 jaar gewerk. In 1993 is ons na Kokstad beroep, waar ons vandag nog werk en weet dat dit is waar die Here ons wil gebruik. Ons gemeente bestaan uit ongeveer 500 lidmate. Ons werk in `n baie groot gebied. Elke gemeente in Transkei bestaan uit `n hoof-gemeente en buiteposte in die omgewing. Ons hoofgemeente is in Bhongweni, Kokstad se swart dorp geleë, en dan het ons nog sewe buiteposte in die omgewing, tot so 40km ver. Op die oomblik is ek die enigste leraar in ons ring en is dus konsulent by 7 gemeentes. Die verste punt waar ek werk is 160km van ons af.

Deel van ons werk is gewone gemeentebediening met alles wat daarmee saamgaan. Ons is egter ook betrokke met sendingwerk. Ongeveer 40% van Transkei se 5 Miljoen mense is nog totale heidene. Hier is dus nog `n baie groot taak wat verrig moet word. Vanaf ons gemeentes en buiteposte bring ons die lig aan so baie wat nog in duisternis leef. Die Here seën die werk en daar is vrug op ons arbeid. Deur die jare kom mense tot bekering, word ons lidmate meer, word nuwe buiteposte gestig en kerke gebou. Hoewel die gewone Transkei mense in groot armoede leef, is hul baie vriendelike mense en ontvang ons altyd met liefde en respek. Daar is werklik nog`n groot geleentheid om die Evangelie te verkondig.

Veertien jaar gelede het ek, om een voorbeeld van vrug op die werk aan u te noem, by Aloekop buitepos dienste begin hou. Ons het kerk gehou in `n klein modderhutjie. Soms het `n paar mense die dienste bygewoon, party Sondae was daar niemand. Vir jare het daar nie veel gebeur nie en soms wou ek moed opgee. In 2004 het die Here die buitepos aangeraak. Baie mense het tot bekering gekom. Die modderhut was te klein en dienste is in`n ou skuur begin hou. Vandag is daar ‘n gemeente.

Kontakbesonderhede

Christo en Deleste Wooding — Kokstad V.G.K gemeente.
Huis: 039-7272215 Sel: 0823391666 E-pos wooding1@telkomsa.net
Bankbesonderhede: C.W.Wooding, FNB Rek 52720022012, Tak 220122
Webwerf: www.goandproclaim.co.za/kokstad_vgk_gemeente.php

Stephan en Keiko Smithdorff—OM Japan

OM Japan's vision is to strengthen the generally weak churches in Japan. We would like to see them growing and establishing fruitful ministries. By sending out Japanese to the mission field, we want to encourage the churches across Japan to be involved in the Great Commission, but at the same time provide experience and training for potential future church leaders. We're committed to work within and alongside existing churches. As our focus for local ministry remains on churches in the Hokuriku area in western Japan, we continue to support the relief and reconstruction efforts after the tsunami in Miyagi prefecture (north-eastern Japan).

Ons is die afgelope 4 jaar werksaam in Japan saam met Operasie Mobilisasie (OM) nadat ons vir ‘n lang ruk in Turkye gewerk het. Ons roeping die afgelope twee jaar was om diegene wat met die 2011 Tsunami in Japan gely het, te help op hulle pad van geestelike, emosionele en fisiese herstel. Die werk is hoofsaaklik nou afgehandel en fokus ons meer op samewerking met verskillende kerke en reik ons uit met die evangelie van Jesus Christus, na Japanese in die Miyagi prefektuur.

* Daar is omtrent 7,900 kerke in Japan wat beteken daar is 1 kerk vir elke 16000 mense.
* Slegs 0.22% van die bevolking woon enige kerk by.
* Daar is in 24 mega stede, 44 stede en in meer as die helfte van alle dorpe in Japan geen kerk nie.

Kontakbesonderhede

Stephan en Keiko Smithdorff — OM Japan
Tel: +81 803 046 0452; E-pos: sksmithdorff@gmail.com
Bankbesonderhede: S Smithdorff, Standard Rek 084766050, Tak 50416
OM Japan Webwerf: http://omjapan.org/en/
Facebook Bladsy: https://www.facebook.com/sksmithdorff